## 3. Gedragskode

### Algemene reëls

3.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerders in die skooldrag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in ŉ slegte lig kan stel.

3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkskoolhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

3.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

3.5 ŉ Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as ŉ ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.6 Leerders mag nie in die klaskamers, saal of laboratoriums eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

3.7 Selfone en ander tegnologiese apparate moet afgeskakel wees gedurende die skooldag, behalwe as ŉ onderwyser toestemming gee om dit te gebruik. Leerders mag slegs in die oggende voor skool en gedurende pouses hul selfone gebruik. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige tegnologiese apparaat wat wegraak of breek nie. Indien ŉ apparaat gekonfiskeer word, kan ŉ boete van R50 betaal word om dit terug te kry. Anders kry die leerder dit aan die einde van die volgende dag terug. Indien dit vir ŉ tweede keer in een skoolkwartaal gekonfiskeer word, en die leerder betaal nie die boete nie, bly dit vir een week in skoolbesit.

Indien ŉ leerder se selfoon vir ŉ derde keer afgeneem word nadat hy reeds twee keer R50 betaal het, bly dit vir een week in skoolbesit.

3.8 Leerders mag nie ander persone se eiendom wegsteek nie.

3.9 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit, of die leerder in skooldrag is of nie (soos vervat in die rook en dwelmbeleid), is verbode. Leerders mag ook nie deel vorm van ŉ groep wat hulself skuldig maak aan bogenoemde gedrag nie, al neem hulle nie self deel aan die aktiwiteite nie.

3.10 In geval van ’n redelike vermoede dat leerders hulself aan ’n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of sy gedeligeerde die reg om sodanige leerders en/of die eiendom (ook inligting op tegnologiese apparate) in hul besit te deursoek. Die skool behou die reg voor om enige persoon wat die skoolterrein betree te deursoek vir die besit van: enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, inligting, gesteelde goedere of pornografiese materiaal. Sodanige persoon se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg ’n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

3.11 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.12 Skuldigbevinding deur ’n hof aan ’n strafregtelike oortreding sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.13 Enige ander oortreding van die gedragskode met minder ernstige gevolge.

3.14 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

3.14.1 optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
3.14.2 die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
3.14.3 die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard (Bylaag A);
3.14.4 bakleiery, aanranding of mishandeling;
3.14.5 onsedelike gedrag of ’n gevloek;
3.14.6 die aanneem of voorhou van ’n vals identiteit;
3.14.7 enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
3.14.8 diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
3.14.9 onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit (behalwe vir tugmaatreëls wat deur die skool en beheerliggaam geneem word neem, is die leerder verantwoordelik vir die herstel en/of vervanging van beskadigde eiendom);
3.14.10 oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
3.14.11 herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode, of versuim om te voldoen aan vorige strafmaatreëls;
3.14.12 strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
3.14.13 viktimisasie, afknouery, kuberafknouery, naamskending en intimidasie van ander leerders, onderwysers of die skool op enige manier (Bylaag B);
3.14.14 die oortreding van eksamenreëls;

3.14.15 opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom;
3.14.16 betrokkenheid by gebeure en/of aktiwiteite wat dui op okkultiese/satanistiese bedrywighede;
3.14.17 ontgroening van enige aard teenoor medeleerders; en
3.14.18 disrespek ten opsigte van religieuse aktiwiteite.

**5. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag**

5.1 Skooldrag – Uniformbeleid

*Die skooldrag van Hoërskool Ferdinand Postma is beskikbaar by SS Skooldrag en AK Sports and Leisure.*

**Die beheerliggaam of skoolbestuurspan kan na goeddenke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.**

DOGTERS
Die volgende reëls aangaande die kleredrag geld te alle tye wanneer leerders in skooldrag geklee is; ook na normale skoolure. Geen siviele klere of skoene mag in kombinasie met die skooldrag gedra word nie, soos bepaal word in die gedragskode.

Somer

- ’n Blou gestileerde skoolhemp (elmboog moulengte, sonder skoolwapen) en ’n strikdas met pêrel.
    - Hemp mag nie ingesteek word nie.
    - Strikdas mag nie loshang nie.
    - T-hemde/JT hempies en onderklere mag nie sigbaar wees onder skoolklere nie.
- Skoolgoedgekeurde blou (geruite) romp vir dogters in graad 8 tot graad 11.
  Skoolgoedgekeurde swart romp vir dogters in graad 12.
    - Lengte: 10cm van die grond af wanneer die dogter kniel.
    - Geen splete mag in die romp wees nie.
    - Rompe moet lospassend wees en mag nie opgerol word by die middel nie.
    - Skoollangbroeke mag nie in die somer gedra word nie.
    - Swart “ski-pants” mag onder die rompe gedra word, maar mag nie sigbaar wees nie. Geen “boxer shorts” word toegelaat nie.
- Swart kniekouse (“bobby socks”).
- Skoolgoedgekeurde swart skoene met ’n bandjie oor die voet of toerygskoene met plat hakke. Geen platformskoene of stewels word toegelaat nie.
    - Skoene moet te alle tye skoon en gepoleer wees.
    - Skoene moet behoorlik vasgemaak wees en skoenveters moet netjies geknoop wees.
- ’n Swart kleurbaadjie met die skoolwapen.
- ’n Swart V-nek moulose trui of langmoutrui met die skoolwapen. Geen ander truie word toegelaat nie.

- Moulose truie en langmoutruie moet behoorlik pas, geen oorgrootte moulose truie of langmoutruie is toelaatbaar nie.
- Moulose truie en langmoutruie mag nie om die middel gedra word nie.
- Lang moue mag nie opgestoot word tot by die elmboë nie en ook nie oor die hande getrek word nie.
- Daar mag geen gate in die moue wees nie.

<u>Winter</u>

- ’n Blou gestileerde skoolhemp (elmboog moulengte, sonder skoolwapen) en ’n strikdas met pêrel.
  - Langmouhemde mag slegs saam met ’n skooltrui of gekleurde baadjie gedra word.
  - Die hemp mag nie ingesteek wees nie.
  - T-hemde/JT hempies en onderklere mag nie sigbaar wees onder skoolklere nie.
- Skoolgoedgekeurde blou (geruite) romp vir dogters in graad 8 tot graad 11.
  Skoolgoedgekeurde swart romp vir dogters in graad 12.
  Rompe word saam met swart lycra sykouse gedra.
  - Lengte: 10cm van die grond af wanneer die dogter kniel.
  - Geen splete mag in die romp wees nie.
  - Rompe moet lospassend wees en mag nie by die middel opgerol word nie.

- Skoolgoedgekeurde langbroeke mag in die winter gedra word. (Slegs by SS-Skooldrag beskikbaar)
  - Langbroeke moet swart wees, lospassend en met reguit getailleerde pype.
  - Gewone swart kouse sonder motiewe word saam met die langbroek gedra.
  - Geen rekmateriaal, “bell bottoms”, denims, “bootlegs” “skinnies” of “hipsters” word toegelaat nie.
  - Daar mag geen ritssluiters op die broek se sakke wees nie.
- Skoolgoedgekeurde swart skoene – soos by die somersklere.
- ’n Swart V-nek trui of kleurbaadjie met die skoolwapen.
  - Geen ander truie, baadjies, “drimacs” of skoolsweetpakbaadjies mag saam met die formele skooldrag gedra word nie.
  - Truie en baadjies moet behoorlik pas, geen oorgrootte truie of baadjies word toegelaat nie.
  - Truie en baadjies mag nie om die middel gedra word nie.
  - Die moue mag nie opgestoot word tot by die elmboë nie en ook nie oor die hande getrek word nie.
  - Daar mag geen gate in die moue wees nie.
- Slegs amptelike skool serpe en swart handskoene word toegelaat.

**NB: Geen jasse, oorjasse/windjakkers, musse of pette word toegelaat nie.**

SEUNS

Die volgende reëls aangaande die kleredrag geld te alle tye wanneer leerders in skooldrag geklee is; ook na normale skoolure. Geen siviele klere of skoene mag in kombinasie met die skooldrag gedra word nie, soos bepaal word in die gedragskode.

Somer

- Skoolgoedgekeurde blou hemp – kort- of langmoue.
    - Die hemp moet by die middel ingesteek wees.
    - Kortmouhemde kan met of sonder ’n das gedra word.
    - Langmouhemde se moue moet bo die elmboë opgerol word as die leerder nie ’n das dra nie.
    - Gewone wit onderhemde mag onder die skoolhemp gedra word mits dit nie sigbaar is nie.
    - T-hemde mag nie sigbaar wees onder die skoolklere nie.
- Skoolgoedgekeurde grys langbroeke vir seuns in graad 8 tot graad 11.
  Skoolgoedgekeurde swart langbroeke vir seuns in graad 12. (Slegs by SS-Skooldrag beskikbaar)
    - Langbroeke moet saam met ’n swart, onversierde gordel gedra word.
    - Geen rekmateriaal, “bell bottoms”, denims, “bootlegs”, “skinnies” of “hipsters” word toegelaat nie.
    - Alle langbroeke moet reg pas, normale lengte wees en nie los en sakkerig hang op die skoene nie.
    - “Boxer shorts” of onderklere mag onder geen omstandighede sigbaar wees nie.
- Gewone grys kouse (graad 8 tot graad 11) en gewone swart kouse (graad 12).
    - Geen karakters of prentjies op die kouse nie.

- Skoolgoedgekeurde swart toerygskoene met plat hakke. Slegs Bronx gespeskoene is toelaatbaar. Geen platformskoene of stewels word toegelaat nie.
    - Skoene moet te alle tye skoon en gepoleer wees.
    - Skoene moet behoorlik vasgemaak wees en skoenveters moet netjies geknoop wees.
    - Groot gespes, skerp punte, “slip-ons” of mokassins is ontoelaatbaar.
    - Skoene mag nie gekleurde stiksels of versiering hê nie.
- ’n Swart kleurbaadjie met die skoolwapen.
- ’n Swart V-nek moulose trui of langmoutrui met die skoolwapen. Geen ander truie word toegelaat nie.
    - Moulose truie en langmoutruie moet behoorlik pas, geen oorgrootte moulose truie of langmoutruie is toelaatbaar nie.
    - Truie en baadjies mag nie om die middel gedra word nie.
    - Lang moue mag nie opgestoot word tot by die elmboë nie en ook nie oor die hande getrek word nie.
    - Daar mag geen gate in die moue wees nie.

Winter

- Skoolgoedgekeurde blou hemp.
    - Die hemp moet by die middel ingesteek wees.
    - Dit is verpligtend om ’n das in die winter te dra.
    - Gewone wit onderhemde mag onder die skoolhemp gedra word mits dit nie sigbaar is nie.
    - T-hemde mag nie sigbaar wees onder die skoolklere nie.
- Skoolgoedgekeurde grys langbroeke vir seuns in graad 8 tot graad 11.
  Skoolgoedgekeurde swart langbroeke vir seuns in graad 12. (Slegs by SS-skooldrag beskikbaar)
    - Langbroeke moet saam met ’n swart, onversierde gordel gedra word.
    - Geen rekmateriaal, “bell bottoms”, denims, “bootlegs”, “skinnies” of “hipsters” word toegelaat nie.
    - Alle langbroeke moet reg pas, normale lengte wees en nie los en sakkerig hang op die skoene nie.
    - “Boxer shorts” of onderklere mag onder geen omstandighede sigbaar wees nie.
- Gewone grys kouse (graad 8 tot graad 11) en gewone swart kouse (graad 12).
    - Geen karakters of prentjies op die kouse nie.
- Skoolgoedgekeurde swart skoene – soos by die somersklere.
- ’n Swart V-nek trui of gekleurde baadjie met die skoolwapen.
    - Geen ander truie, baadjies, “drimacs” of skoolsweetpakbaadjies mag saam met die formele skooldrag gedra word nie.
    - Truie en baadjies moet behoorlik pas, geen oorgrootte truie of baadjies word toegelaat nie.
    - Truie en baadjies mag nie om die middel gedra word nie.
    - Die moue van truie en baadjies mag nie opgestoot word tot by die elmboë nie en ook nie oor die hande getrek word nie.
    - Daar mag geen gate in die moue wees nie.
- Slegs amptelike skool serpe en swart handskoene word toegelaat.

**NB: Geen jasse, oorjasse/windjakkers, musse of pette word toegelaat nie.**

GRAAD 12 DRAG

Alle reëls aangaande die skooldrag is van toepassing op die graad 12 leerders. Wysigings en toegewings kan alleenlik gemaak word met die goedkeuring van die hoof en die klerekomitee (die adjunkhoof dien as voorsitter) van die skool. ’n Toegewing rakende die skooldrag is slegs geldig vir daardie jaar en groep graad 12 leerders. Die volgende groep moet ’n skriftelike versoek aan die adjunkhoof rig vir hersiening deur die klerekomitee. Sodanige veranderings moet voor die Desembervakansie van hul graad 11 jaar gefinaliseer wees.

SPORTDRAG

Voorgeskrewe sportdrag MOET op "LO-PT"-dae en vir alle wedstryde gedra word.

Somer

- Swart Ferdie "board short" en Ferdiehempie.
- Behoorlike sportskoene met sportkouse (effe swart of wit – afhangende van sportskoenkleur)
- Geen modeskoene, "plimsolls", "sneakers", sandale of "slip-ons" mag saam met sportdrag gedra word nie.

Winter

- Volledige Ferdiesweetpak met sportskoene.
- Geen armbande of ander juwele wat nie deur die gedragskode gespesifiseer word nie, mag by atletiek- of toeskouerdrag gedra word nie. Dieselfde reëls as vir skooldrag geld vir sportdrag.
- Sportdrag bv. atletiekhempie (Ferdiehemp) en –broekie en hokkieklere mag alleen gedra word vir oefening en wedstryde.
- Leerders wat aan sportbyeenkomste vir die skool deelneem, moet in 'n skoolsweetpak of skooldrag geklee wees as hulle na die byeenkoms/wedstryd reis, of by die wedstryd is. Deelnemers mag nie deminbroeke na byeenkomste toe dra nie.
- Toeskouers dra gewoonlik blou Ferdiehempies, swart of blou denimbroeke en tekkies, of soos vooraf gereël.
- Elke sportsoort bepaal sy eie sportdrag (soos goedgekeur deur die klerekomitee) met die algemene gedragskode wat te alle tye in ag geneem word.
- Geen spandrag mag gedurende "LO-PT" dae gedra word nie.

## 5.2 Voorkoms

### 5.2.1 HARE

*Alle seuns en dogters wat ingeskryf is in Hoërskool Ferdinand Postma moet daarop let dat hul hare in ooreenstemming met die reëls moet wees vanaf die eerste dag van elke skoolkwartaal tot op die laaste dag van die skooljaar. Geen uitsonderings sal toegestaan word nie.*

DOGTERS

- Dogters se kuif mag nie langer wees as bo-kant van wenkbroue nie.
- Sodra hare oor die hempskraag raak of oor die bokant van die kraag hang, moet dit netjies vasgemaak word. Knippies moet gebruik word sodat daar geen los hare is nie.
- Heersende modegiere mag nie 'n dogter se netheid beïnvloed nie.
- Slegs gewone, effekleur swart haar-bykomstighede soos knippies, haarbande en rekkies.
- "Gel" mag gebruik word om hare korter as 5cm te stileer; skerp-punterige hare word nie toegelaat nie.
- Geen modelwerkeksamens, kompetisies, funksies of optredes kan as 'n verskoning gebruik word om die skooldragreëls te oortree nie.

- Slegs natuurlike, hare word aanvaar – (tensy dit noodsaaklik is vir mediese redes).
- Geen “Undercuts” word toegelaat nie.
- Hare moet natuurlik wees, geen haarkleuring word toegelaat nie – nie eers nie-permanente kleur nie. Dit sluit sonstrepies, donkerstrepies, en die gebruik van enige sproei of sjampoe om die hare ligter of donkerder te maak in.
    - Indien hare gekleur is mag dit nie weer teruggekleur word sonder toestemming van adjunkhoof of gedelegeerde nie. Dit sal as ‘n nuwe oortreding beskou word.
- ’n Demeriete as gevolg van hare wat gekleur is kan nie uitgekanselleer word nie.
- Geen toutjievlegsels of kralevlegsels word toegelaat nie.
- Geen “dreadlocks” word toegelaat nie.
- Afro haarstyle moet van so aard wees dat dit nie leerders se sig op die bord sal belemmer nie.
- Gevlegte hare moet natuurlik vertoon.
- Hare mag gevleg word (nie korter as die oorlel nie en is te alle tye vasgemaak).

<u>SEUNS</u>

- Slegs kort, netjiese haarsnitte word toegelaat.”Combovers word wel toegelaat maar moet voldoen aan die reêls uiteengesit in Bylaag E.
    - Hare wat aan die ore raak, of oor dit hang, stappe/vlakke, en buitengewone haarstyle bv. kort langs die kante en lank bo en agter (“Mohawks”) word nie toegelaat nie.
- Kuif moet ‘n vingerbreedte bo die wenkbroue wees wanneer afgetrek word.
- Geen modelwerkeksamens, kompetisies, funksies of optredes kan as ’n verskoning gebruik word om die skooldragreëls of haarreëls te oortree nie.
- Hare korter as 5cm mag met “gel” gestileer word. Hare mag egter nie in punte gedraai word nie.
- Slegs eie hare word aanvaar – geen pruike (tensy dit noodsaaklik is vir mediese redes).
- Hare moet natuurlik wees, geen haarkleuring word toegelaat nie – nie eers nie-permanente kleur nie. Dit sluit sonstrepies, donkerstrepies, en die gebruik van enige sproei of sjampoe om die hare ligter of donkerder te maak in.
    - Indien hare gekleur is mag dit nie weer teruggekleur word sonder toestemming van adjunkhoof of gedelegeerde nie. Dit sal as ‘n nuwe oortreding beskou word.
- ’n Demeriete as gevolg van hare wat gekleur is kan nie uitgekanselleer word nie.
- Bakkebaarde, baarde en snorre word nie toegelaat nie. Geen bakkebaard mag laer as die middel van die oor wees nie.
- Geen toutjievlegsels of kralevlegsels word toegelaat nie.
- Geen “dreadlocks” word toegelaat nie.
- Geen haarstukke word toegelaat nie.
- Geen ingravering op die kopvel, hare of wenkbroue (geskeer of getatoeëer) word toegelaat nie.
- Geen “flat top” haarstyl word toegelaat nie.
- Seuns moet elke oggend skoon geskeer (baard en snor) wees.

5.2.2 Juwele DOGTERS

- In die geval van oorgaatjies mag klein silwer of goue oorkrabbertjies (4mm diameter) of eenvoudige dws silwer of goue oorringetjies gedra word (nie groter as 1 cm deursnee nie) – slegs een in elke oor,of pêrel oorkrabbertjies nie groter as die pêrel in die strikdassie nie, en moet van die selfde kleur wees ,in die laer gaatjie van die oorlel. Geen steentjies word toegelaat nie.
- Geen juweliersware mag gedra word nie.
- Standaard mediese kentekens mag wel gedra word. Die leerder moet 'n mediese sertifikaat, waarvan 'n afskrif in die persoonlike lêer geplaas sal word, toon om die dra van die kenteken te regverdig.
- Geen neus-, wenkbrou-, tong- en ringe word toegelaat nie.
- Tatoeëermerke (nie-permanent en permanent) is verbode.
- Slegs 'n enkele seëlring mag aan die ring- of middelvinger van een hand gedra word.
- Lapelwapens mag slegs gedra word indien dit deur die skool uitgereik/erken word.

SEUNS

- Geen juweliersware mag gedra word nie.
- Standaard mediese kentekens mag wel gedra word. Die leerder moet 'n mediese sertifikaat, waarvan 'n afskrif in die registerklaslêer geplaas sal word, toon om die dra van die kenteken te regverdig.
- Geen oor-, neus-, wenkbrou-, tongringe word toegelaat nie.
- Tatoeëermerke (nie-permanent en permanent) is verbode.
- Geen ringe mag gedra word nie.
- Lapelwapens mag slegs gedra word indien dit deur die skool uitgereik/erken word.

5.2.3 **NAELS**

DOGTERS

- Wanneer mens na die handpalm kyk, moet die naels nie sigbaar wees nie.
- Naels moet skoon en netjies gehou word.
- Kleurlose deursigtige naellak word toegelaat.
- **SLEGS GR 12's** - 'n Franse manikuur word toegelaat – mits daar geen versiering is nie en slegs wit saam met deurskynende kleurlose produkte gebruik word. (Hierdie toegewing is onderworpe aan leerders se samewerking.)

SEUNS

- Wanneer mens na die handpalm kyk, moet die naels nie sigbaar wees nie, en baie kort gehou word.
- Naels moet skoon en netjies gehou word.
- Geen naellak word toegelaat nie.

5.2.4 Grimering <u>DOGTERS</u>

- Geen grimering van enige aard word toegelaat nie. Dit sluit die oorblyfsels van grimering wat die vorige aand gedra is in.
- Kleurlose deurskynende lipsalf mag gedra word. Geen lipglans produkte mag gedra word nie.

<u>SEUNS</u>

- Geen grimering van enige aard word toegelaat nie. Dit sluit die oorblyfsels van grimering wat die vorige aand gedra is in.
- Kleurlose deurskynende lipsalf mag gedra word. Geen lipglans produkte mag gedra word nie.

**<u>"COMB OVER" – SEUNS</u>**

- Hare bo-op die kop mag nie langer as die kuif wees nie.
- Geen hare mag aan die agterkant van die kop oor die kortgesnyde gedeelte hang nie.
- Geen kuif of stert by die kroontjie sal toegelaat word nie.
- Die kuif mag aan die middel van die ooglede raak as oë toe is, maar moet deur 'n geskikte produk uit die gesig gehou word.
- Hare mag slegs aan die een kant van die kop kort geskeer word as 'n "comb over" gedra word.
- Die kortgeskeerde gedeelte mag nie korter as 'n nr 2-snit wees nie, behalwe as dit gelydelik opgeskeer word na die padjie toe.
- Geen deel van die hare mag gedeeltelik teen die kop afgeskeer word nie.
- Geen lyne of patrone mag in die hare ingesny word nie.
- Die hare moet te alle tye netjies en skoon wees.
- Wanneer 'n leerder die "comb over" reëls oortree, mag hy vir die res van die jaar nie weer 'n "comb over" dra nie.